Sing vooraf: Psalm 38:1, 17

1-
Straf tog nie in ongenade
my misdade,
HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie
en U wreek nie
op my **sonde** en **sonde**skuld.
17-
Wil my, HEER, in hierdie lewe
nie begewe;
wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder,
o Bevryder
wat my altyd uit wou red!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.
Amen.

Lofpsalm 18:1.

1-
Ek het U hart'lik lief, o HEER!
U is my sterkte-en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting stterk,
my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil,
my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil,
by wie ek vas en veilig skuil.

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 42: 1.

-1-
Soos 'n hert in dorre streke
skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke,
skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die HEER,
na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, ná swerftog en benouing,
God weer sien in klare aanskouing?

Skriflesing: .Psalm 25.
Teks: Psalm 25:7

Dink nie aan die sondes van my jonkheid en aan my oortredinge nie; dink aan my na u goedertierenheid, om u goedheid ontwil, o HERE! (Psa 25:7 AFR1953)

Dink nie aan die sondes van my jonkheid en my oortredinge nie! Om U Naam ontwil, Here, vergeef my ongeregtigheid, want die is groot!

Dit gaan oor die heel belangrikste ding in ons hele lewe: Dit gaan oor troos. Die vraag is: "Wat is jou enigste troos?" Dit beteken: "Wat is vir jou die heel meeste werd in jou lewe?"

Om so 'n vraag eerlik en reg te kan antwoord, is nie so eenvoudig nie, want dit gaan verskil van mens tot mens.

- Elke mens se stel lewenswaardes gaan bepaal wat vir hom/haar belangrik is of wat nie.
- Dit is moontlik dat die grootste troos vir een mens mag wees dat hy genoeg geld het en vir 'n ander een dat hy gesond is.

Daarom is dit belangrik om hier te verstaan dat die saak waaroor dit hier gaan, *dit is wat vir die mens wat 'n lewende verhouding met God he*t, die grootste troos is.

- Dit gaan oor die grootste waarheid wat die heel meeste invloed op elke mens se lewe uitoefen.

Hierdie troos is dat ons volkome - met liggaam en siel - aan die Here Jesus Christus behoort. Hy versorg ons in die tyd en in die ewigheid met die beste wat ons nodig het.

Die vraag is net of ons altyd die volle implikasies hiervan besef.

- Dit is waar dat ons bely dat ons aan die Here Jesus Christus behoort.
- Maar dit is net so waar dat ons wat die Here Jesus bely, dikwels iets daarvan vertoon dat ons nie glo wat ons bely nie.
    - As die ons in die noute kom, raak ons kleingelowig of ons val terug op ons eie vermoëns - soos menslike hulpmiddels of ons eie vermoëns.

Omdat dit soms is asof ons vergeet wat dit werklik beteken om deur Jesus Christus verlos te word, het ons voorouers die Bybel ondersoek en daarna in ons belydenisskrifte geskryf dat ons eers in onsself die sake moet helder kry, voordat ons ons verlossing reg kan verstaan.

- Ons moet eers presies weet in watter toestand ons voor God is: hoe groot ons sondes en ellendes is.
- Die oomblik wanneer ons die hele aangeleentheid van sondes en die ellendes wat daarmee gepaard gaan, verstaan, sal ons besef watter magtige daad dit is dat ons deur die Here Jesus van al hierdie ellendes verlos is.
- Die belangrike ding is dat ons dan ook sal verstaan dat Hy hierdie dinge gedoen het sodat ons aan Hom kan behoort.

Die besef moet by ons inslaan dat al die slegte dinge in die lewe met ons gebeur as gevolg van ons sondeverlorenheid.

- Dit sal ons laat besef waar ons heengaan as die Here Jesus ons nie verlos nie.
- Die heidene in die Here Jesus se tyd het 'n sondebesef gehad, daarom was hulle bly toe hulle hoor dat Jesus vir hulle ook gesterf het as hulle in Hom glo.
- Gelowiges in ons tyd het baie keer nie meer 'n sondebesef nie en praat hulle sondes goed, of eien hulle die reg toe om onder bepaalde omstandighede sonde te mag doen.

Ons kan dit ook anders sê: Daar is net een waarheid oor ons almal se lewens. Ons sondig elke dag teen God - en dit moet ons besef.

- Dit beteken dat die regverdige oordeel van die Here ons eintlik moet straf met die ewige hel.
- Alle mense wat hierdie waarheid nie verstaan nie, of nie aanvaar nie, kan nie deel in die verlossing deur die Here Jesus Christus nie.

Die verlossing van God is dat hierdie ellendige sondaars (ons) deur die goddelike krag en soenverdienste van die Here Jesus Christus verlos word tot volkome saligheid en die ewige lewe. Daar is geen ander manier om verlos te word as deur die Here Jesus Christus nie.

Wanneer hierdie diep dinge eers in plek geval het, volg daaruit dat ons vanself die Here Jesus met 'n dankbaarheidslewe sal aanbid.

- Ons bewys ons dankbaarheid aan die Here deur ons gebedslewe en deur suiwer en reg te lewe.
- Woorde alleen beteken nie veel nie, daarom moet dit opgevolg word met 'n lewe waarin die wil van die Here nougeset nagekom word.
- In geloofsake, veral diep sake soos hierdie, moet ons al ons eie sieninge opsyskuif en ons buig voor die Woord van God alleen.
- Ons moet so eerlik kan raak dat ons ons eie belangrikheid vergeet en besef in watter ellende die sondeval ons gedompel het.

Wat verstaan ons onder die woord "ellende"?

- Dit is dinge soos moeite, swaarkry en bekommernis.
- Ellende kom voor nadat ons ons verhouding met God geskend het. Daarom is dit vandag nog meestal so dat ellendes ons tref wanneer ons die gebooie van die Here skend.
- Die grondfout wat in ellendes ontaard, is nog steeds ongehoorsaamheid aan die Here.

As ons baie eerlik kan wees, moet ons erken dat ons gesindheid verkeerd is wanneer ons sonde doen, want sonde is 'n hoogmoedige verset teen God.

- Ons skuldbelydenis is daarom baie keer niks anders nie as lippetaal, omdat ons in ons hart van onsself dink dat daar nie regtig baie is wat ons vergewe moet word nie.

Dit help ons niks om oor die ewige dood en die hel dogmaties te raak nie.

- 'n Dogmatiese uitspraak soos dat alle mense in sonde geval en gebore is, help niks as ek nie besef dat ek self een van die is wat in sonde ontvang en gebore is nie.
- Ek moet besef dat ekself nou allerhande lelike dinge doen as gevolg van my aangebore en ingebore onvermoë om die Here lief te hê.
- Ek moet besef dat ek moreel, eties en fisies geskend is na die sondeval.
- Ek moet besef dat dit deurwerk in my lewe.

Ek moet onthou dat hierdie feit die oorsaak was dat die mense op 'n tyd so sleg geword het dat die Here hulle almal laat verdrink het - en dat die Here waarsku dat daar 'n tyd kom wanneer die mense weer so sleg sal wees. Ek staan dus 'n kans om een van hulle te wees as iets my nie gaan keer en daaruit hou nie.

- Uiteindelik gaan hierdie ding in die laaste oordeel van God uitgesorteer word, en gaan die wat nie deur God uit hulle ellendes uitgehaal is nie, met hulle ellendes en al in die ewige hel gewerp word waar niks anders as net ellendes is nie.

Die mens wat genoeg diepte het om hierdie dinge te verstaan, weet dat daar iets moet wees waaraan hy kan vashou. Dit is daardie gelowige wat sing:

Uit dieptes ver verlore, van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore in wanhoop my vergaan,
uit diep van donker nagte roep ek: O Here, hoor!
en laat my jammerklagte tog opklim in U oor!

- Dit is hy wat sover kom dat hy homself kan verootmoedig en sy lewe ondersoek en kyk waar hy sonde doen om daaruit te kan wegbreek.
- Dit is hierdie mens wat besef dat pyn en wroeging net simptome is: die werklike siekte is ons sondes.

Ons moet so groot berou hê hieroor dat elkeen van ons met 'n seer skuldgevoel teenoor God kan bely dat ons baie keer verkeerd doen teenoor die Here - en graag iets daaraan wil doen. Dat ons baie keer teenoor ander mense onredelik is, en graag wil verander en liefdevol wees.

Ons moet word soos wat Dawid was toe hy die woorde in Psalm 25 geskryf het waar Hy sê:

Aanskou my ellende en my moeite en vergeef my al my sondes.

In sy nood gryp hy terug na die oorsaak van sy ellendes, want hy bid: **Here, vergeef my my sondes, want dan sal my nood verbygaan!**
Hy bid so persoonlik as wat dit maar kan:
Dink nie aan die sondes van my jonkheid en my oortredinge nie! Om U Naam ontwil, Here, vergeef my ongeregtigheid, want die is groot!

Kyk hoe bely hy sy sondes voor die Here.

- Hy praat nie oor sy sondes in groot woorde of in dogmatiese taal nie.
- Hy gebruik nie moeilike teologiese woorde nie.

Hy bid eenvoudig, reguit en persoonlik tot die Here.

- Hy het baie dinge verkeerd gedoen toe hy jonk was. Hy besef dat hy ook nog ander sondes gedoen het wat vir die Here gruwelik was.
- Maar juis daarom het Dawid geweet wat verlossing beteken.

Op die spoor van die Bybel leer Kategismus Sondag 1 ons dat die troos is dat ons weet hoe groot ons sondes en ellendes is.

- Daarom weet die ware gelowige wat werklike vreugde is om deur Jesus Chistus van hierdie dinge ontslae te raak.
- Daarom weet ons wat dit is om liggaamlik en geestelik aan Jesus Christus te behoort, en van ons sondes en hulle gevolge verlos te wees.

Hierdie verlossing is nie net 'n verlossing van die ewige verdoemenis eendag na die dood nie.

- Dit beteken nie dat ek my hele lewe lank in ellendes moet slyt en eendag na my dood eers verlos word om op die nuwe aarde te gaan woon nie.
- Dit is nie iets vaags vir die hiernamaals, maar my daaglikse lewe val daarbuite nie.
- Die Here Jesus leer ons dat daar tydens hierdie lewe nie eers 'n haar van ons hoof kan afval sonder die wil van die hemelse Vader nie.
- Ons is ook solank as wat ons op die aarde lewe na liggaam en siel verlos.

Al hierdie dinge beteken dat die Here altyd sal voorsien wanneer ons bekommernis het.
Natuurlik is ons mense en dit is in ons natuur om bang te word.

- Dawid het dan by die Here gekla dat sy bed in die nag swem soos hy worstel.
- Hy het gehuil soos wat hy gesukkel het om die sondes in sy lewe te oorwin.

Maar dit is die troos: Ons sal anderkant uitkom, want ons liggaam en ons siel behoort aan die Here.

- Hy sal ons nie deur die seer van die lewe laat verskeur nie.
- Hy troos ons met die woorde dat Hy die trane van ons oë sal afdroog.
- Wat ookal mag gebeur: Ons is verlos!

Dan behoort 'n dankbaarheidslewe maklik en byna vanself te kom. Kom ons dien die Here met liggaam en siel. Ons luister na die stem van die Heilige Gees wat ons troos met die Jesus Christus se verlossing.
Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 25:6

-6-
Wie's die man wat hier benede
in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede
voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand
hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land
sal sy nageslag beërwe.

Bevestig diaken.

Psalm 134:4.

-4-
Laat, HEER, u seën op hul daal,
u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en - dit geskied,
wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 18 Januarie 2009